**(MESSAGES & ACTIVITIES FOR CHILDREN IN AFRIKAANS & ENGLISH)**
**(BOODSKAPPIES & ATIWITEITE VIR KINDERS IN AFRIKAANS & ENGELS)**

# MAART - 2011 - MARCH

## HIERDIE MAAND SE "WoomaNet Kids":

## THIS MONTH'S "WoomaNet Kids":


**P.2** Gebed / Prayer

**P.3+4** Hamburger & Coke (

**P.4** Dag en Nag

**P.5** Day & Night / Asemhaling

**P.6** Breathing

**P.7 – P.8** Saam Bring Ons Lig:

Aktiwiteitsbladsye – Eps. 5 & 6




# Christen Boodskappies vir Kinders, in Afrikaans & Engels, deur Oom Johan Terblanche (*Christ Alone Ministries* – christalone@telkomsa.net)

# Christian Messages for Children, in English & Afrikaans, by Uncle Johan Terblanche (*Christ Alone Ministries* - christalone@telkomsa.net)

**Liewe Maats,**

**GEBED**

'n Sondagskool onderwyser het eendag gevra: "Bid jy elke dag?" 'n Dogtertjie het vinnig geantwoord: "Natuurlik nie, want daar is dae wat ek niks wil hê nie!"

Daar is baie mese wat soos die dogtertjie is. Hul bid net wanneer hul iets nodig het. Nou hoe kan ons sê ons het Jesus lief as ons nie met Hom praat nie? Hoe kan ons meer van God verwag as ons Hom nie dankie sê vir wat Hy reeds gegee of gedoen het nie? Toe ons klein was en iets by iemand gekry het, het ons ma's dikwels met groot oë gesê: "Wat sê jy, sê dankie" Ek wil jou ook herrinner om God te dank vir Sy skepping en ook om Jesus te dank vir die grootste geskenk ooit, die ewige lewe.

Om te bid is nie dieselfde as om 'n "wenslys" vir kersvader te stuur nie. Gebed is meer as 'n lys van dinge wat ons nodig het. In die eerste plek moet ons dankie sê vir dit wat ons reeds het. Kom ons doen dit sommer nou: "Dankie Heer dat U vir ons lewe gegee het. Dankie vir gesondheid, kos en klere. Dankie vir ouers, broers en susters. Dankie vir ons skool, ons onderwysers en al ons vriende. Dankie vir 'n kerk waar ons van U kan leer. Ek is so bly, ek verheug myself in die wete dat U vir ons omgee" Nou gaan ons bid vir ons behoeftes, dit wat ons van God verlang: "Heer, leer my meer van U, wys my wat ek moet wees, doen en sê. Beskerm ons en voorsien vir ons. Ons vra alles in Jesus naam – Amen"

Die Woord sê ook dat ons moet glo (geloof hê of op op God moet vertrou) wanneer ons bid. Kom ons kyk gou na *Filipense 4:6 Maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.* Wanneer ons glo, kan ons God iets vra en terselfdertyd dankie sê. Ja, ons sê dankie en raak bly, nog voordat ons dit gekry het waarvoor ons gevra het. Begin om die Heer dankie te sê vir goeie punte, goeie gesondheid en voorsiening en kyk hoe God jou gebede verhoor.

**Kom ons bid: "Dankie Heer vir alles wat U reeds vir my gegee het en dankie vir al swat U nog vir my gaan doen – Amen"**

**Dear Friends,**

**PRAYER**

One day the Sunday school teacher asked: "Do you pray every day?" A girl quickly answered: "Off cause not, for there are days that I need nothing"

This is true of many people. They only pray when they need something from God. Is this enough? No, how can we say we love Jesus if we

don't talk to Him? How can we expect Him to provide for us if we don't thank Him for the things He has done for us? When you were small, and somebody gave you something, you mother will look at you with big eyes and say: "What do you say? Say thank you". We should also thank God for what He has done and what He has given us. Just so we should thank Jesus for the great gift, eternal life" that He gave us by dying in our place.

Praying is not the same as writing a letter to Father Christmas. We should not be going to God with a wish list, forgetting what we already have. Let us thank God for all we have: "Thank you Lord for giving us life, thank you for giving us health, thank you for parents, brothers and sisters that care about us. Thank you for water, bread and all things nice to eat. Thank you for a school, and teachers and all our friends. Thank you, Lord, for a church where we can learn more about you. We're so glad, we rejoice because we know you care" Now let us pray for our needs: "Lord, learn me more about you. Show me what I should do, where I should go and what I should say. Protect us, help us and provide for us. I pray in Jesus name."

The Word also says we should believe or have faith when we pray. To see what faith is let us read *Philippians 4:6 In all your prayers ask God for what you need, always asking him with a thankful heart.* When we have faith, we can ask God what we require and thank Him for that at the same time, even before we get what we have asked for. You see when we pray with faith we know God will answer therefore we can say thank you. Practice this, start thanking God for good marks at school, good health and even for good parent and see how the Lord will answer your prayers.

**Let us pray: "Lord, I thank you for all you have given me and for all I am about to receive – Amen"**

## HAMBURGER & COKE

Sekere dinge hoort net eenvoudig bymekaar soos " pap en vleis", "brood en melk", "vis en skyfies", "Koek en tee" en "koffie en beskuit". Een van die mees bekenste kombinasie bly egter "Hamburger en Coke" Dit is moeilik om 'n hamburger voor te stel sonder Coke.

Nog onafskeidbare kombinasies is "jy en Jesus" of "ek en Jesus". Net soos 'n hamburger sonder Coke net nie dieselfde is nie net so kan ek en jy nie sonder Jesus wees nie. Sien, Jesus gee betekenis aan ons lewens. Ons lewe maak eers sin as Jesus in ons is en ons in Hom. Kom ons lees Johannes 15:4 - 7 *" Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry"*

Die loot, of sytakkie van die wingerdstok kan nie op sy eie bestaan nie. Die sytakkie trek sy voeding of krag uit die stam van die plant. Net so moet ek en jy in Jesus wees

want Hy gee vir ons voeding en krag. En met die krag van God in ons lewens kan ons vrug dra soos opgeteken in Galasiërs 5:22-23.

*Kom dan, kom ons wees hamburger en Coke christene, onafskeidbaar van mekaar, onafskeidbaar van Jesus, die ware wynstok.*

**HAMBURGER & COKE**

Certain things simply goes together like “pie and gravy”, “bread and milk”, “fish and chips” and “tea and cake”. However the most common combination must be “Hamburger and en Coke”. I can’t imagine having a hamburger without Coke.

Another inseparable combination is “Jesus and you” or “Jesus and I”. Just like a hamburger is at its best when served with Coke, our relationship with Jesus brings out the best in us. Our lives only become meaningful or make sense when we are in Jesus and He is in us. Let us read John 15:4 - 7 *Remain united to me, and I will remain united to you. A branch cannot bear fruit by itself; it can do so only if it remains in the vine. In the same way you cannot bear fruit unless you remain in me. "I am the vine, and you are the branches. Those who remain in me, and I in them, will bear much fruit; for you can do nothing without me. Those who do not remain in me are thrown out like a branch and dry up; such branches are gathered up and thrown into the fire, where they are burned. If you remain in me and my words remain in you, then you will ask for anything you wish, and you shall have it.*

The branch cannot survive or bear fruit without the vine. The branch draws its strength or power to bear fruit from the vine. Just so we need to remain in Jesus. Jesus makes us complete. In Him we are able to produce fruit as seen in Galatians 5:22-23. Jesus brings out the best in us.

*Let us be “hamburger and coke” Christians, inseparable from Jesus, the vine.*

**DAG EN NAG**

Die son is ons bron van lig. Die son is ‘n groot vuurbal wat altyd brand, 24 uur per dag 365 dae per jaar. Nieteenstaande die feit dat die son altyd brand beleef ons tog dag en nag. Dit gebeur omdat die aarde in die rondte draai. Bedags is ons aan dieselfde kant van die son en snags is ons aan die ander kant, in die skadu van die aarde. Wanneer ons nag het, is ander in die dag en andersom. Sien die prent hieronder om die verskil in dag en nag te sien.

In ons eie lewe is dit soms lig en donker. Daar is tye wat alles reg loop. Dit gaan goed en ons is gelukkig. Maar dan is daar ook donker tye: tye van bekommernis, siekte, stryd, vrees en eensaamheid.

Net soos die son het Jesus ook gekom sodat ons in die lig kan wees. Jesus is immers die lig. Wanneer ons, ons lewens vir Hom gee beweeg on suit die donkerte in die lig. (Sien 1 Petrus 2:9 en Efesiërs 5:8). Dieselfde God wat ons red van sonde en die hel ka nook ons omstandighede verander. Hy verander vrees in geloof, bekommernis inoorwinng, stryd in vrede, siekte in gesondheid en ook teleurstellings in geleenthede vir God om ‘n wonderwork te verrig.



*Hou uit, hou aan, selfs al is dit donker. God se lig skyn steeds en op die regte tyd sal jy ook daarin kan baljaar.*

## DAY AND NIGHT

The sun is our source of light. The sun is a huge fiery ball that always shines, 24 hours a day, 365 days of the year. In spite of this we have day and night times. This is due to the fact that the earth turns on its own, one time around every 24 hours. When we have daylight, we are on the same side of the earth as the sun. At night we are facing away from the son, we are on the shady side of the earth as can be seen in the picture below. In spite of us being in the dark at night the sun always shines lighting up the world for others.

In our own lives we have lighter and darker times. There are times that everything goes well, no problems, no worries and no cares – as if we're in the light. Unfortunately we also face problems at times at home, school or elsewhere. We get sick, discouraged, lonely and scared. In times like these it appears as if we're on the dark side of life.

Just like the sun, God's son Jesus Christ is always there for us. He will always shine down on us. If we believe we will see how God turns around our lives, how God can bring us back to life into God's marvelous light. When we came to Christ by accepting Him into our lives, we were brought out of darkness into the light (See 1 Peter 2:9 as well as Ephesians 5:8). The same God who saved us from sin and hell can also turn around our circumstances; can turn our fears to faith, our weakness into strength, our worries into victory, and our disappointments into divine appointments.

*Hang in there, God's light is shining and will shine upon you at the right time.*

## ASEMHALING

Asem in, asem uit, asem in, asem uit. Ons liggame benodig deurentyd suurstof om te funksioneer of te werk. Ons asem gewone lug wat uit verskillende gasse in deur ons neuse. In ons longe word die suurstof uit die lug gehaal en deur die bloedstroom opgeneem. Die onbruikbare gasse word weer uitgeasem. Terselfdertyd word koolsuurgas uit die bloed gefilter en uitgeblaas.

In ons lewens word ons ook aan verskeie dinge blootgestel. Soos die verskeidenheid gasse wat ons inasem gebeur daar allerhande dinge, sommige goed en ander nie. Wanneer ons aan die dinge blootgestel word moet ons die goeie inneem en die slegte uitgooi – net soos die longe suurstof opneem en ander gasse uitblaas.

Maar hoe weet ons wat ons moet behou en wat ons moet verwerp? Ons gebruik God se woord, die Bybel as ons maatstaf of filter. Soos die liggaam suurstof benodig moet ons liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing in ons lewe toelaat. (Sien Galasiërs 5:22-23). Maar terselfdertyd moet ons onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge soos opgeteken in Galasiërs 5:19-21 uitskei. Sou ons nie die gemors uitblaas nie sal ons verseker die gevolge dra; ons sal siek word en uiteindelik sterf.




Asem liefde in, blaas haat uit. Asem goedheid in, blaas selfsugtigheid uit. Asem vrede in, blaas woede uit. Asem selfbeheersing in, blaas ongeduld uit. Maar ons kan dit nie

doen sonder Jesus nie . Wanneer ons Jesus in ons het, help Hy ons. Hy asem lewe in ons in en asem sonde en die dood uit sodat ons saam met Hom vir ewig kan lewe.

Groete tot volgende keer,
***Oom Johan Terblanche***

**BREATHING**

Breath in, breath out, breath in, breath out. Our bodies constantly require or needs oxygen. The way we get oxygen is by breathing. We pull air into our lungs through our nose. Note that the air we breathe is a mixture of different gasses. In our lungs the air is filtered and the oxygen is absorbed into our bloodstreams. At the same time carbon dioxide filters into our lungs and are breathed out.

In life we are also exposed to various things. Like the air we breath which contains various gases we face different events or happenings, some good and others not. When confronted with these things we need to absorb what is good and right but we must also expel or breathe out the filth.

But how do we know what we should keep or cherish and what we must expel? We should use God's handbook, the Bible as a filter. In scripture it is clear to see what we should allow in our life's. Like oxygen we need to have love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness, humility and self-control. (Galatians 5:22-23). At the same time we should not be involved in immoral, filthy, and indecent actions. We should not worship idols. We should not fight, become jealous, angry, and ambitious. We should not become envious, get drunk and does other things like these. (Galatians 5: 19-21). These things we need to "Breathe out", Get out of our life's as it will make us sick.

*Breathe in love, breath out hatred. Breathe in goodness, breath out selfishness. Breathe in peace, breathe out anger. Breathe in self-control, breath out intolerance. But how do we do this, we can not do it on our own; we need the help of Jesus Christ. If we have Jesus in us, it will be as if His breaths in life and breathes out death as we have life and life eternal in Him.*

Greetings till next time,
***Uncle Johan Terblanche***

---

'AKTIEF VIR JESUS' MEDIA SENDING
'ACTIVE FOR JESUS' MEDIA MISSION
Rudie van Heerden ~ Sendeling / Missionary www.wooma.net
Posbus / PO Box 628 Paardekraal 1752 RSA ~ 27(0)11 660 2590 / 27(0)82 560 2980 ~ active@wooma.net

# SAAM BRING ONS LIG (Deur Tannie Sunette de Klerk)

## Aktiwiteitsbladsye vir Maart 2011 Programme

**(Gaan luister eers na die programme op WoomaNet Radio en doen dan die aktiwiteite)**

## REEKS 2 – Episode 5

# Die Gehoorsame Joshua

**Hierdie is ’n lekker inkleurprentjie. Kyk net hoe hard blaas Joshua op daardie Ramshoring!**

http://www.supercoloring.com/wp-content/original/2010_04/joshua-eo\oring-page.jpg

## REEKS 2 – Episode 6

# Jerigo se Mure Val

## Kyk net hoe hoog is daardie mure maats!



**WoomaNet Kids word saamgestel en aangebied deur**

'AKTIEF VIR JESUS' MEDIA SENDING
'ACTIVE FOR JESUS' MEDIA MISSION
Rudie van Heerden ~ Sendeling / Missionary www.wooma.net
Posbus / PO Box 628 Paardekraal 1752 RSA ~ 27(0)11 660 2590 / 27(0)82 560 2980 ~ active@wooma.net